

# KOERSVAS

Jaargang 7      Uitgawe 156   15 Maart 2019

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Reg teenoor Geregtigheid

Die hof se beslissing rakende homoseksualisme (hierna genoem na die term gebruik in die gesprekke - 'gay') in die NGKSA het skokgolwe deur die gemeenskap gestuur. Baie vra met verontwaardiging hoe die staat op so 'n vlak durf inmeng. Om die hof se besluit te verstaan, is dit eers nodig om die agtergrond tot die besluit te ken.

In 2015 het die NGKSA Algemene Sinode besluit dat plaaslike gemeentes self kan besluit oor gay huwelike (die NHKA het 'n soortgelyke besluit geneem) en is die voorwaarde dat gay predikante selibaat moet lewe, geskrap. Dit het daarop neergekom dat die NGKSA besluit het dat homoseksualiteit nie volgens die Bybel 'n sonde is nie. Daar was groot ontevredenheid in die NGKA oor die besluit en tydens 'n spesiale vergadering in 2016 (soortgelyk aan die NHKA se 2011 BAKV) is die besluit herroep. 'n Groep predikante onder leiding van ds. Gaum het die besluit in die hof betwis. Twee sake in die hof se uitspraak staan uit.

Die hof het eerstens beslis dat die besluit van 2016 ongeldig was en dit herroep. Die rede vir hierdie uitspraak is dat die

vergadering wat die besluit geneem het, nie as regter oor 'n appèl ten opsigte van sy eie besluit kan optree nie. Die versoek om die 2015 besluit te herroep, moes met ander woorde deur 'n totale nuut-verkose sinode ondersoek word - jy kan nie regter speel oor jou eie appèl nie. Daarmee saam het die hof beslis dat daar in die NGKSA geen vergadering is waarheen 'n appèl gestuur kan word nie. Lesers sal onmiddellik insien dat die BAKV van 2011 om dieselfde rede nie wettig was nie. Die steedsHervormers se aandrang dat dit eintlik net 'n buitengewone sitting van die 69e AKV was wat nie kon regter speel oor sy eie besluit nie, word deur hierdie besluit van die hof bevestig. Die Algemene Kommissie van die 69e AKV het met ander woorde nie die wettige pad geloop om die aanvaarding van beskrywingspunt 54 te handhaaf nie. Die bevestiging besluit geneem by die 70e AKV bevestig dat die mense in die binnekring **gewees het** dat hulle *ultra vires* opgetree het. Terug na die hof en die NGKSA: Die hof het met ander woorde net die algemene beginsels van die wet toegepas in die besluit wat geneem is. Enige persoon wat nou steeds wil aandrang daarop dat Kerkreg verhewe is, of apart staan van gemene reg, is besig met 'n ernstige mistasting.

Die tweede deel van die hof se uitspraak kom neer op die konsekwente toepas van die handves van menseregte ("*Bill of Rights*"). Al het advokaat Schalk Burger (SC) tereg opgemerk dat 'n kerk sy eie leerstellings mag volg en toepas, het hy nie rekening gehou met die konsekwente toepas van leerstellings (Artikel 31<sup>1</sup>) nie. Enige kerk mag intern getrou bly aan die eeue oue interpretasie van die Bybel wat homoseksualiteit verbied. Daar is ook 'n groot groep Christenkerke wat die leerstelling handhaaf. Die NGKSA (en die NHKA) het gekies vir 'n kulturele herinterpretasie van die Bybel wat gay-wees 'ontsondig' het. In so 'n konteks kan daar nie beperkings soos selibaat op lidmate geplaas word nie. Die hof het met ander woorde net beslis dat die NGKSA in lyn met sy nuwe leerstellings nie uitsonderings mag maak ten opsigte van gays se verhoudings nie. Die hof het die kerk opdrag gegee om regverdig te wees in ooreenstemming met sy eie leerstellings. Dit is vir dieselfde rede dat alle amptenare van die departement van Binnelandse sake wat daartoe gekwalifiseer en aangestel is alle verbintenisse - insluitende gay huwelike - moet voltrek. Dit is 'n vraag of daar in die toekoms 'n situasie sal ontstaan waar kerke se interne oortuigings en doktrines deur byvoorbeeld die gay-gemeenskap uitgedaag sal word. Vir die huidige hou Christene (en Moslems) hierdie spasie noukeurig dop. Vir die GHG gemeentes wat in 'n hofgeding met die NHKA betrokke is om hulle eie eiendom te behou, is die beginsel uitspraak

<sup>1</sup> 31. Cultural, religious and linguistic communities  
1. Persons belonging to a cultural, religious or linguistic community may not be denied the right, with other members of that community - a. to enjoy their culture, practise their religion and use their language;

goeie nuus. Die hof gaan verenigingsreg toepas. Elke gemeente is 'n regs persoon en het met 'n meerderheid van stemme by 'n wettige vergadering besluit om die eiendom oor te dra. Nie eens iemand met twee of drie doktorsgrade in kerkreg gaan die hof met een of ander 'verhewe' argument oortuig om nie die landswette toe te pas nie.

## **BERIGTE EN KENNISGEWINGS**

### **DS ALBERTS HARTAAANVAL**

Saterdag 9 Maart 2019 was nie 'n goeie dag vir ds. Louis Alberts nie. Hy het 'n massiewe hartaanval gehad en het in die intensiewe sorg eenheid van die Rustenburg hospitaal beland. Gelukkig kon die mediese personeel hom stabiliseer. Maandag is hy oorgeplaas na die Wilgers in Pretoria. Na toetse en die angiogram is die dokter tevrede dat daar geen permanente skade is nie. Hy sterk tans aan. Ons gebede is met hom, sy gesin en sy gemeente in hierdie tyd. Dit was ook goed om hom en Mari-Louis na sy ontslag, by die predikante beraad te sien vir 'n oë wys.

### **PREDIKANTE BERAAD**

Die jaarlikse predikante beraad is op 13 en 14 Maart 2019 gehou op plot 35 De Wagendrift. Die tema vir die gesprek was (soos bepaal by die Bondsvergadering) die kerkleer (ekkleziologie). Die gesprekke is gevoer aan die hand van 'n gespreksdokument opgestel deur dr Andre Botma. Goeie en indringende debatte is gevoer en die predikante het mekaar goed geslyp oor hierdie belangrike tema.

and b. to form, join and maintain cultural, religious and linguistic associations and other organs of civil society. 2. The rights in subsection (1) may not be exercised in a manner inconsistent with any provision of the Bill of Rights.

### **KURATORIUM VERGADERING**

Die Kuratorium het die eerste paar uur van die predikante beraad gebruik om saam met die predikante te besin oor die GHG se predikante opleiding. Die Kuratorium het by hierdie vergadering (13 Maart 2019) die opleiding van predikante indringend bespreek. Verskeie opsies en alle denkbare uitdagings is ondersoek. Daar het 'n radikale verandering in benadering gekom. In die verlede is daar na tersiêre instansies gegaan met die versoek om predikante op te lei met die versoek dat die instansie ons die vergunning toestaan dat sekere inhoud deur ons predikante aangebied mag word. Die Kuratorium het besluit om self 'n leerplan op honneursvlak saam te stel. Die GHG se teologiese oortuigings sal inspeel op die inhoud wat bepaal word en SAQWA se standaard sal die gehalte en hoeveelheid voorskryf. Hierdie leerplan sal dan aan tersiêre instansies aangebied word vir akkreditasie. Op die manier gaan ons predikante juis in ons denk metafoor opgelei word. Kandidate kan 'n algemene BA (wat aan die vereistes soos gestel deur die Kuratorium) by enige universiteit verkry en daarna sal die teologiese opleiding begin. Dit is belangrik dat die GHG so gou doenlik 'n databasis opstel van kundigheid tot ons beskikking. Predikante, lidmate en ander belanghebbendes wat oor die vakkennis beskik en verkieslik ten minste 'n relevante meestersgraad het en wil meewerk aan die projek moet dringend dr. Johan Otto kontak [johan.otto@geloofsbond.org.za](mailto:johan.otto@geloofsbond.org.za). Dit gaan aanvanklik baie, harde werk verg en heelwat geld kos. Sodra die leerplan opgestel is, sal die onkoste aansienlik val. Lidmate en gemeentes wat finansieel wil bydra tot hierdie projek word vriendelik

versoek om ruim by te dra. By voorbaat dank vir u lojale ondersteuning.

### **KOSTER EISBEINFEEES**

Koster gemeente hou hulle jaarlikse Eisbeinfrees hierdie jaar op 5,6,7 April 2019 by die Koster dam. Die gemeenskap rat hulself vir hierdie baie suksesvolle fees. Steve Hofmeyr en ander kunstenaars gaan daar optree.

### **DIE OORD PV3 KARNIVAL**

Die Oord PV3 se jaarlikse karnaval vind plaas op 13 April 2019 (sien advertensie onder aan Koersvas. Daar gaan verskeie stalletjies wees: Kos, Pannekoek, Poeding, Tuis-nywerheid, Plaasstal, Wit Olifant, Tombola, Musiek, Foto's, Koeldrank, Koffie & tee, Spookasem en Springmielies Toegangsooi per voertuig - R20.00 Olyfolie sal beskikbaar wees – R160.00 per liter <https://maps.app.goo.gl/s1MWz>

### **BONDSVERGADERING 2019**

Die Bondsvergadering vind hierdie jaar 8-10 September te Premiermyn (net buite Cullinan) plaas. Maak seker dat u datums beplan en reëlings (vervoer en behuising) getref is. Meer inligting volg ...

### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/> Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

**OORNAG FASILITEITE****Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !  
 Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek  
 - naby hospitaal en besighede-  
 Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar  
 in gemeubileerde kamers  
 Etes en wasgoed op afspraak  
 Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by  
**Villa Stoney**  
 Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds  
 vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina

Steenkamp vir navrae en besprekings  
 0829082831 [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
  - Kwitansieboeke
  - Offergawe boeke
  - Dames Kwitansieboeke
  - Konsistorie boeke
  - Reklame plakkate en ander drukwerk
- [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

**SKUD JOU STEWELS AF VIR**  
**STEVE**  
**EN ANDER KUNSTENAARS**

KAARTJIES SAL BINNEKORT BESKIKBAAR WEES

**5 - 7 APRIL**  
**2019**  
 KOSTERDAM

**Vermaak** **Stalletjies** **Kamp geriewe** **Bergfietswedren**

# Hervormde Gemeente Vrede

## Voël jag ter waarde van R9 000 - 3 jagters

*Pryse is nie verhandelbaar of oordraagbaar nie.*

Die beoordelaars se beslissing is finaal.  
 Trekking vind plaas op 15 Junie 2019

### JAGPAKKET:

19-20 Julie 2019

*Akkommodasie by Waterfront  
 Gastehuis te Emazini, Vrede*

1ste Prys: Tarentale  
 Fisante  
 Patryse

2de Prys: 1 Blesbokkarkas

3de Prys: Slagvark



### BANKBESONDERHEDE:

Hervormde Gemeente Vrede  
 Standard Bank

Tjek 042096030

Vrede 051 001

Verwysing: Naam, Van en selnr.

Stuur bewys van betaling na

[ernst.bosveld@gmail.com](mailto:ernst.bosveld@gmail.com)

Ernst Lombard: 082 645 1343

**R200** per kaartjie



# DIE OORD PV3

KARNAVAL  
CARNIVAL

**13 APRIL 2019**  
09H00 - 14H00

*in Finansiële hulp projek  
ten bate van intellektueel  
gestremde volwassenes.*

VERSKEIE STALL ETJES

**POTJIEKOS**

**PANNEKOKK**

**POEDING TAFEL**

**KOELDRANK**

**TEE EN KOFFIE**

THEE EN KOFFIE

**PLAASSTAL**

VERSKEIE SPH. E. L. JES

**WIT OUFANT**

ETJES EN  
TRAMPKARRE

**SKATTEJAG**

*A Fundraising project  
in aid of intellectually  
disabled adults.*

VARIOUS STALLS

"POTJIEKOS"

**PANCAKES**

**PUDDING**

**SOFT DRINKS**

THEE EN KOFFIE

**HOME INDUSTRY**

**FARM STALL**

**VARIOUS GAMES**

WIT OUFANT

**PHOTO BOOTH**

**PEDDLE CARS**

**TREASURE HUNT**

**Kontak/Contact**  
 (e) [dieoordpv3@iathna.com](mailto:dieoordpv3@iathna.com)  
 (t) 012 255 0750/172  
 (w) [www.dieoordpv3.co.za](http://www.dieoordpv3.co.za)

**R513 Hartebeespoortdam**  
**25°42'09.2"S 27°51'09.1"E**  
**R20**



